

5 Julie - KONINKRYK (4)

In die koninkryk van God: Het jy 'n hart?

Skrifgedeelte: Matteus 9:35 – 10:4

Fokusgedeelte: Matteus 9:37 & 38

Het jy 'n hart? Natuurlik! Sonder 'n hart is jy dood. Miskien is daar baie dooies in die koninkryk van God.

God het 'n hart. 'n Hart wat oor mense in vervoering – eintlik: ontstuiwig – raak (vs 36). Dat God as 't ware berge versit om mense van lewensmoegdheid, rigtingloosheid, doodsheid te bevry.

Dink bietjie daaraan dat Hy sy eniggebore Seun (sonder sonde, volmaak regverdig, voorbeeldig, gehoorsaam) tot sonde maak in ons plek. Al sy (moontlike) ideale ruïneer, sy lewe tot niet maak ... vir ons. So begaan is God oor ons. Om aan ons nuwe harte te gee en ons so tot lewe te bring. Nou wil God die sê in ons lewens hê.

Hy sê: *“Die oes is groot, maar die arbeiders is min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.”* En ons bid. Maar let dan op: Hy stuur hulle vir wie Hy sê om te bid (10:1-5). Wanneer ons bid vir die arbeiders, dan moet ons besef: ONS is die arbeiders.

O, nee! Ek kan nie. Ek het nie gawes nie. Ek het nie tyd nie. Die 12 wat Jesus uitstuur was eintlik almal ongekwalifiseerd. Gediskwalifiseerdes. Petrus, die impulsiewe. Andreas en Jakobus, jaloers op mekaar. Filippus en Bartolomeus, die onbekendes. Simon, die politiek-behepte. Matteus, die materialis. Teen elkeen sou daar baie kon tel.

Maar God wil mense met harte hê. Om na die die verlore skape van Israel (Matt 10:6) te gaan. Na hulle wat verlore geraak het, afgedwaal het. Om aan hulle die koninkryk van God te verkondig (9:35 en 10:7). Om aan hulle die goeie nuus te vertel dat God alles regeer. Dat God deur Christus jou Vader is wat vir jou omgee, vir jou sorg, jou lewe bestuur. En dat jy jou onderwerp aan sy seggenskap.

Kan jy? Daar is soveel wat teen jou tel. Maar in sy koninkryk soek God jou hart. Die nuwe hart om in sy oes te werk.

Sing: Psalm 40:4 (1936-beryming)

Ds CA Jansen (Secunda)